Ontleding van Aandeelhouers

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale soos op Junie 2011

AANDEELVERSPREIDING

	Aantal Aandeelhouers	%	Aantal Aandele	%
1 – 1,000 aandele	10 516	72.20	3 371 283	0.62
1,001 – 10,000 aandele	3 181	21.84	9 971 689	1.83
10,001 – 100,000 aandele	639	4.39	20 570 292	3.78
100,001 – 1000,000 aandele	165	1.13	52 250 337	9.61
Meer as 1,000,001 aandele	65	0.45	457 315 859	84.15
Totale	14 566	100.00	543 479 460	100.00

AANDEELHOUERSVERSPREIDING

	Aantal Aandeelhouers	%	Aantal Aandele	%
Banke	151	1.04	220 223 947	40.52
Makelaars	33	0.23	10 773 974	1.98
Beslote korporasies	138	0.95	260 120	0.05
Skenkingsfondse	75	0.51	587 931	0.11
Individue	11 463	78.70	16 783 953	3.50
Versekeringsmaatskappye	33	0.23	12 377 631	2.28
Beleggingsmaatskappye	31	0.21	5 663 779	1.04
Mediese Fonds-skemas	3	0.02	32 792	0.01
Onderlinge beleggingstrusts	240	1.65	33 386 538	6.14
Genomineerdes & Trusts	1 852	12.71	50 484 741	9.29
Ander korporasies	84	0.58	153 565	0.03
Eie beleggings	2	0.01	37 346 947	6.46
Privaat maatskappye	298	2.05	59 264 963	10.90
Openbare maatskappye	16	0.11	780 296	0.14
Pensioenfondse	147	1.01	95 358 283	17.55
Totale	14 566	100.00	543 479 460	100.00

OPENBARE / NIE-OPENBARE AANDEELHOUERS

	Aantal Aandeelhouers	%	Aantal Aandele	%
Nie-Openbare Aandeelhouers	**40**	**0.27**	**140 261 213**	**25.81**
Maatskappydirekteure	38	0.26	102 914 266	18.94
Eie beleggings	2	0.01	37 346 947	6.87
Openbare Aandeelhouers	**14 526**	**99.73**	**403 218 247**	**74.19**
Totale	14 566	100.00	543 479 460	100.00

BEVOORDEELDE AANDEELHOUERS IN BESIT VAN 1% OF MEER

	Aantal Aandele	%
Wiese, CH	89 917 398	16.54
Government Employees Pension Fund	74 076 350	13.63
Capital Group	62 499 926	11.50
Shoprite Checkers (Edms) Bpk	37 346 947	6.87
Lazard	18 329 406	3.37
Basson, JW	10 110 084	1.86
BlackRock	9 517 955	1.75
Vanguard	9 061 800	1.67
Artio Global Investors	8 773 256	1.61
JP Morgan	8 448 572	1.55
Fidelity	8 249 721	1.52
First State Investments	7 919 805	1.46
Namibian Government Institutions Pension Fund	7 819 262	1.44
Liberty Group	7 132 625	1.31
Skagen	6 722 590	1.24
Rand Merchant Bank	6 163 195	1.13
Rotrust (Edms) Bpk	5 465 705	1.01
Totale	377 554 597	69.47

Aandeelhouers

Land Klassifikasie

Voordelige Aandeelhouers



- Suid-Afrika
- VSA
- VK
- Luxemburg
- Frankryk
- Namibië
- Noorweë
- Australië
- VAE
- Saoedi-Arabië
- Japan
- Nederland
- Singapoer
- Ierland
- Kanada
- Kanaaleilande
- Duitsland
- Hong Kong
- België
- Suid-Korea
- Denemarke
- China
- Swede
- Taiwan
- Switserland
- Italië
- Zambië
- Portugal
- Hawaii
- Isle of Man
- Bermuda
- Bahamas
- Nieu-Seeland
- Oman
- Swaziland

Buitelandse Aandeelhouers



- VSA
- VK
- Luxemburg
- Frankryk
- Namibië
- Noorweë
- Australië
- VAE
- Saoedi-Arabië
- Japan
- Nederland
- Singapoer
- Ierland
- Kanada
- Kanaaleilande
- Duitsland
- Hong Kong
- België
- Suid-Korea
- Denemarke
- China
- Swede
- Taiwan
- Switserland
- Italië
- Zambië
- Portugal
- Hawaii
- Isle of Man
- Bermuda
- Bahamas
- Nieu-Seeland
- Oman
- Swaziland

Fondsbestuurders



- VSA
- Suid-Afrika
- VK
- Frankryk
- Luxemburg
- Noorweë
- Australië
- Japan
- Namibië
- Singapoer
- Nederland
- Kanaaleilande
- Duitsland
- Kanada
- Hong Kong
- VAE
- België
- China
- Swede
- Taiwan
- Switserland
- Italië
- Suid-Korea
- Ierland
- Denemarke
- Saoedi-Arabië
- Portugal
- Gibraltar
- Israel
- Bermuda

Buitelandse Fondsbestuurders



- VSA
- VK
- Frankryk
- Luxemburg
- Noorweë
- Australië
- Japan
- Namibië
- Singapoer
- Nederland
- Kanaaleilande
- Duitsland
- Kanada
- Hong Kong
- VAE
- België
- China
- Swede
- Taiwan
- Switserland
- Italië
- Suid-Korea
- Ierland
- Denemarke
- Saoedi-Arabië
- Portugal
- Gibraltar
- Israel
- Bermuda

Kennisgewing aan Aandeelhouers: Algemene Jaarvergadering (AJV)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale soos op Junie 2011

Shoprite Holdings Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1936/007721/06)
JSE-aandeelkode: SHP
NSX-aandeelkode: SRH
LUSE-aandeelkode: SHOPRITE
ISIN: ZAE000012084
("Shoprite Holdings" of "die Maatskappy")

1. KENNISGEWING VAN VERGADERING

Kennis geskied hiermee dat die AJV van Shoprite Holdings op Maandag, 31 Oktober 2011, om 09:15 (Suid-Afrikaanse tyd) by die Maatskappy se geregistreerde kantoor, op die hoek van William Dabs- en Ou Paarlweg, Brackenfell, Suid-Afrika, gehou sal word.

2. MEMORANDUM VAN INKORPORASIE (MVI)

Die Maatskappywet 71 van 2008 (soos gewysig) ("die Maatskappywet") het op 1 Mei 2011 ("die Effektiewe datum") van krag geword. Vanaf die Effektiewe datum staan die Maatskappy se Memorandum van Inkorporasie en Akte van Oprigting bekend as sy MVI. In hierdie kennisgewing van die AJV word die term MVI gebruik om te verwys na die Maatskappy se Memorandum van Inkorporasie (voorheen die Memorandum van Inkorporasie en Akte van Oprigting.)

3. WIE MAG DIE VERGADERING BYWOON EN STEM?

3.1 Indien u gedematerialiseerde aandele hou wat in u naam geregistreer is, of indien u die geregistreerde houer van gesertifiseerde aandele is:
- mag u die AJV persoonlik bywoon;
- mag u alternatiewelik 'n gevolmagtigde aanstel om u by die AJV te verteenwoordig en die AJV by te woon, daaraan deel te neem, en namens u te praat en te stem deur die aangehegte volmagvorm ooreenkomstig die instruksies wat daarin vervat is, te voltooi en dit aan die Maatskappy- of die oordragsekretarisse terug te stuur na die adresse wat hieronder verskyn, om hulle nie later nie as 09:15 (RSA-tyd) op Saterdag, 29 Oktober 2011, te bereik. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.

3.2 Indien u gedematerialiseerde aandele hou wat nie in u naam geregistreer is nie en u:
- wil die AJV bywoon, moet u die nodige magtingsbrief van u Sentrale Effektebewaarplekdeelnemer (SEBD) of makelaar verkry; of
- wil nie die AJV bywoon nie, maar u wil hê dat u stem aangeteken moet word by die vergadering, moet u u SEBD of makelaar kontak en u steminstruksies aan hulle oordra.

U moet nie die aangehegte volmagvorm voltooi nie.

3.3 Die datum vir die bepaling van watter aandeelhouers daarop geregtig is om hierdie kennisgewing te ontvang, is 29 September 2011, soos vasgestel ingevolge Artikel 59(3)(a) van die Maatskappywet.

3.4 Die datum waarop aandeelhouers as sulks opgeteken moet word in die register, wat deur die oordragsekretarisse van die Maatskappy gehou word, met die doel om geregtig te wees daarop om die vergadering by te woon en te stem, word ingevolge Artikel 59(3)(b) van die Maatskappywet bepaal, synde 28 Oktober 2011 (die "Rekorddatum").

3.5 Daar sal van alle deelnemers aan die AJV vereis word om redelikerwys bevredigende identifikasie aan die voorsitter van die AJV te verskaf.

3.6 Ingevolge Artikel 61(10) van die Maatskappywet, sal die Maatskappy voorsiening maak vir aandeelhouers of hul gevolmagtigdes om by wyse van elektroniese kommunikasie aan die AJV deel te neem. Deelnemers moet die toepaslike toegangsnommers, afhangend van waar hulle vyf minute voor die begintyd van die AJV hulself bevind, skakel:

Johannesburg. . . . . (011) 535 3600
Kaapstad. . . . . (021) 819 0900
Durban . . . . . (031) 812 7600
Internasionaal . . . . . (+2711) 535 3600

3.7 Ten einde die menings van aandeelhouers op meer akkurate wyse te weerspieël, sal alle voorstelle en wesenlike besluite by die AJV tot stemming gebring word by wyse van stembriewe en nie bepaal word deur die opsteek van hande nie. Die direksie is van mening dat stemming deur middel van stembriewe, wat die hoeveelheid aandele wat deur elke aandeelhouer gehou word in ag neem, 'n meer demokratiese prosedure is.

3.8 Sou u enige twyfel hê oor hoe u moet optree in die lig van die volgende besluite, raadpleeg asseblief onmiddellik u aandelemakelaar, bankier, prokureur, rekenmeester of ander professionele adviseur.

4. FINANSIËLE STATE

'n Afskrif van die finansiële state van die Maatskappy vir die jaar geëindig 30 Junie 2011, sowel as die verslae van die direkteure en onafhanklike ouditeure, is hierby ingesluit.

5. DOEL VAN DIE AJV

Die doel van hierdie vergadering is om die volgende voor te lê:
- die direkteursverslag aan aandeelhouers;
- die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2011;
- die ouditkomiteeverslag, en
- om die besluite soos hieronder uiteengesit, te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysigings te aanvaar.

Die volgende besluite sal by die AJV oorweeg word en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aanvaar word:

5.1 Gewone Besluit Nommer 1: Finansiële Jaarstate

"Besluit dat die finansiële jaarstate van die Maatskappy en die Groep vir die jaar geëindig 30 Junie 2011, wat by hierdie kennisgewing ingesluit is, sowel as die verslae van die direkteure en onafhanklike ouditeure, hiermee goedgekeur word."

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 1 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

Kennisgewing aan Aandeelhouers: Algemene Jaarvergadering (AJV) (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale soos op Junie 2011

5.2 Gewone Besluit Nommer 2: Heraanstelling van Ouditeure

"Besluit dat PricewaterhouseCoopers Ingelyf (PwC) heraangestel word as onafhanklike geregistreerde ouditeure van die Maatskappy vir die tydperk tot en met die volgende AJV van die Maatskappy (met Mnr A Wentzel as die individuele geregistreerde ouditeur van PwC wat die oudit sal onderneem ten opsigte van die finansiële jaar wat op 30 Junie 2012 eindig), soos aanbeveel deur die Maatskappy se Oudit-en-Risikokomitee."

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 2 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.3 Gewone Besluit Nommer 3: Herverkiesing van Dr CH Wiese

"Besluit dat Dr CH Wiese, wat op rotasiegrondslag moet uittree as 'n direkteur van die Maatskappy by hierdie AJV, maar herkiesbaar is en homself vir herverkiesing beskikbaar gestel het, hiermee heraangestel word met onmiddellike effek."
Ouderdom: 69
Eerste aanstelling: 30 Oktober 1991
Akademiese kwalifikasies: BA LLB DCom (hc)
Direkteurskap: Voorsitter van Tradehold, Invicta Holdings en Tulca. Dien ook op die direksies van die PSG groep, Primedia en die Luna Groep.
Dr Wiese is die nie-uitvoerende voorsitter van die Direksie en dien ook op die Vergoedings- en Nominasiekomitees.

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 3 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.4 Gewone Besluit Nommer 4: Herverkiesing van Mnr JA Louw

"Besluit dat Mnr JA Louw, wat op rotasiegrondslag moet uittree as 'n direkteur van die Maatskappy by hierdie AJV, maar herkiesbaar is en homself vir herverkiesing beskikbaar gestel het, hiermee heraangestel word met onmiddellike effek."
Ouderdom: 67
Eerste aanstelling: 30 Oktober 1991
Akademiese kwalifikasies: Bsc Hons B (B&A) Hons
Direkteurskap: Voorsitter van Andrag Agrico.
Mnr Louw is 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en dien ook op die Oudit-, Vergoedings- en Nominasiekomitees.

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 4 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.5 Gewone Besluit Nommer 5: Herverkiesing van Mnr JF Malherbe

"Besluit dat Mnr JF Malherbe, wat op rotasiegrondslag moet uittree as 'n direkteur van die Maatskappy by hierdie AJV, maar herkiesbaar is en homself aangebied het, hiermee heraangestel word met onmiddellike effek."
Ouderdom: 82
Eerste aanstelling: 14 Mei 1999
Akademiese kwalifikasies: BCom LLB
Mnr Malherbe is 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en dien ook op die Ouditkomitee.

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 5 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.6 Gewone Besluit Nommer 6: Herverkiesing van Mnr BR Weyers

"Besluit dat Mnr BR Weyers, wat op rotasiegrondslag moet uittree as 'n direkteur van die Maatskappy by hierdie AJV, maar herkiesbaar is en homself aangebied het, hiermee heraangestel word met onmiddellike effek."
Ouderdom: 59
Eerste aanstelling: 20 Februarie 1997
Direkteurskap: Direkteur van verskeie maatskappye binne die Shoprite Groep.
Mnr Weyers is 'n uitvoerende direkteur en beklee die pos van hoofbestuurder van bemarking en produkontwikkeling.

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 6 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.7 Gewone Besluit Nommer 7: Aanstelling van Mnr JG Rademeyer as Voorsitter en Lid van die Shoprite Holdings-Ouditkomitee

"Besluit dat Mr JG Rademeyer verkies word tot Voorsitter en lid van die Shoprite Holdings-Oudit-en-Risikokomitee met onmiddellike effek, ingevolge Artikel 94(2) van die Maatskappywet."
Ouderdom: 62
Eerste aanstelling: 4 November 2002
Akademiese kwalifikasies: BCom STR GR (SA)
Mnr Rademeyer is 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en is ook aangestel as die leidende onafhanklike direkteur.

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 7 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.8 Gewone Besluit Nommer 8: Aanstelling van Mnr JA Louw as Lid van die Shoprite Holdings-Ouditkomitee

"Onderhewig aan die herverkiesing van Mnr JA Louw as 'n direkteur ingevolge gewone besluit 4, word daar besluit dat Mnr JA Louw ingevolge Artikel 94(2) van die Maatskappywet met onmiddellike effek tot lid van die Shoprite Holdings-Oudit-en-Risikokomitee verkies word."

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 8 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.9 Gewone Besluit Nommer 9: Aanstelling van Mnr JF Malherbe as lid van die Shoprite Holdings-Ouditkomitee

"Onderhewig aan die herverkiesing van Mnr JF Malherbe as 'n direkteur ingevolge gewone besluit 5, word daar besluit dat Mnr JF Malherbe ingevolge Artikel 94(2) van die Maatskappywet met onmiddellike effek tot lid van die Shoprite Holdings-Oudit-en-Risikokomitee verkies word."

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 9 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.10 Gewone Besluit Nommer 10: Bekragtiging van Vergoedingsbeleid

"Besluit dat die Maatskappy se vergoedingsbeleid (uitgesluit die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure en lede van direksiekomitees vir hul dienste as direkteure), soos uiteengesit in die Vergoedingsverslag in die Geïntegreerde Verslag, deur 'n nie-bindende raadgewende stemming bekragtig word."

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 10 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.11 Gewone Besluit Nommer 11: Algemene Beheer oor Gemagtigde Onuitgereikte Aandele

"Besluit dat 27,2 miljoen (5% van die uitgereikte aandelekapitaal, insluitend tesourie-aandele) van die gemagtigde maar onuitgereikte aandele in die kapitaal van die Maatskappy onder die beheer van die direkteure geplaas word tot die volgende AJV, en dat die direkteure van die Maatskappy hiermee gemagtig word om hierdie aandele toe te ken, uit te reik en andersins te verhandel aan sodanige persoon of persone ingevolge sodanige bepalings en voorwaardes en op sodanige tyd as wat die direkteure van die Maatskappy van tyd tot tyd en onderhewig aan hul diskresie mag goeddink, behoudens die bepalings van die Maatskappywet, die MVI van die Maatskappy en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk ("JSE"), wanneer toepaslik, en die vereistes van enige ander beurs waarop die aandele van die Maatskappy van tyd tot tyd gekwoteer of genoteer mag word."

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 11 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.12 Gewone besluit nommer 12: Algemene magtiging om aandele vir kontant uit te reik

"Besluit dat hiermee aan die direkteure van die Maatskappy by wyse van 'n algemene volmag magtiging verleen word om al die gemagtigde dog onuitgereikte aandele in die kapitaal van die Maatskappy, of 'n gedeelte daarvan, vir kontant uit te reik, soos en wanneer hulle dit na goeddunke gerade mag ag, behoudens die bepalings van die Maatskappywet, die MVI van die Maatskappy, die JSE-Noteringsvereistes, en die vereistes van enige ander beurs waarop die aandele van die Maatskappy van tyd tot tyd gekwoteer mag word, wanneer toepaslik, en onderhewig aan die volgende beperkinge, naamlik dat:

- die ekwiteitsekuriteite wat die onderwerp is van uitgifte vir kontant van 'n klas moet wees wat reeds uitgereik is, of, waar dit nie die geval is nie, beperk moet wees tot sodanige sekuriteite of regte wat omskepbaar is tot 'n klas wat reeds uitgereik is;
- enige sodanige uitgifte alleenlik gedoen sal word aan "publieke aandeelhouers", soos omskryf in die JSE-Noteringsvereistes, en nie aan verwante partye nie, tensy die JSE andersins instem;
- die getal aandele wat vir kontant uitgereik word in enige finansiële jaar gesamentlik nie 5% (vyf persent) van die Maatskappy se uitgereikte gewone aandelekapitaal mag oorskry nie. Die getal gewone aandele wat uitgereik mag word, moet op die getal gewone aandele wat reeds uitgereik is, gebaseer wees, en gevoeg word by dié wat in die toekoms uitgereik mag word (voortspruitend uit die omskepping van opsies/omskepbare effekte) op die datum van sodanige aansoek, min enige gewone aandele uitgereik, of wat in die toekoms uitgereik mag word voortspruitend uit opsies/omskepbare gewone aandele wat gedurende die geldende finansiële jaar uitgereik mag word, plus enige gewone aandele wat uitgereik mag word ooreenkomstig 'n regte-uitgifte wat aangekondig, onherroeplik en ten volle onderskryf is, of 'n verkryging waarvan die finale bepalinge aangekondig is;
- hierdie magtiging geldig sal wees tot die Maatskappy se volgende AJV, op voorwaarde dat dit nie 'n tydperk van 15 (vyftien) maande van die datum waarop hierdie magtiging verleen word, oorskry nie;
- 'n betaalde persaankondiging, waarin volledige besonderhede verskaf word, insluitende die impak op die netto batewaarde en verdienste per aandeel, gepubliseer word ten tyde van enige uitgifte wat in totaal binne een (1) finansiële jaar 5% (vyf persent) of meer van die getal aandele uitgereik vóór die uitgifte kragtens hierdie magtiging verteenwoordig;
- tydens die bepaling van die prys waarteen 'n uitgifte ingevolge hierdie magtiging mag geskied, die maksimum toegelate korting 10% (tien persent) van die geweegde gemiddelde verhandelde prys van daardie aandele op die JSE sal wees, soos gemeet oor die 30 (dertig) besigheidsdae vóór die datum waarop die prys van die uitgifte bepaal word of die direkteure van die Maatskappy daarmee akkoord gaan."

Kennisgewing aan Aandeelhouers: Algemene Jaarvergadering (AJV) (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale soos op Junie 2011

Ingevolge die JSE-Noteringsvereistes, is die aanvaarding van hierdie gewone besluit nommer 12 onderhewig aan 'n 75%-meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.13 Gewone Besluit Nommer 13: Algemene Magtiging aan Direkteure

"Besluit dat die direkteure van die Maatskappy hiermee gemagtig word om alles te doen, alle aksies uit te voer, en alle dokumente te onderteken wat nodig is om die implementering van die gewone en spesiale besluite wat by die AJV aanvaar is, ten uitvoer te bring."

Die aanvaarding van gewone besluit nommer 13 is onderhewig aan 'n meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

5.14 Spesiale Besluit Nommer 1: Vergoeding Betaalbaar aan Nie-Uitvoerende Direkteure

"Besluit ingevolge Artikel 66(9) van die Maatskappywet dat die jaarlikse vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure vir die twaalf maande vanaf 1 November 2010 tot 31 Oktober 2011 soos volg goedgekeur word:

SHOPRITE HOLDINGS-DIREKSIE- EN KOMITEEFOOIE

	2010/2011	2009/10
DIREKSIE		
Voorsitter	R218 000	R179 775
Leidende onafhanklike direkteur	R113 000	R93 060
Direkteur	R103 000	R84 600
OUDITKOMITEE		
Voorsitter	R154 000	R126 900
Lid	R77 000	R63 450

Die aanvaarding van spesiale besluit nommer 1 is onderhewig aan 'n 75%-meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

REDE VIR EN UITWERKING VAN SPESIALE BESLUIT NOMMER 1

Die rede vir en die uitwerking van spesiale besluit nommer 1 is om die Maatskappy te magtig om vergoeding aan sy direkteure te betaal vir hul dienste as direkteure vir die tydperk wat geëindig het op 31 Oktober 2011.

5.15 Spesiale Besluit Nommer 2: Finansiële Bystand aan Filiale, Verwante en Onderling Verwante Entiteite

"Besluit ingevolge Artikel 45(3)(a)(ii) van die Maatskappywet, onderhewig aan voldoening aan die vereistes van die Maatskappy se MVI, die Maatskappywet, en die JSE-Noteringsvereistes soos tans gekonstitueer en van tyd tot tyd gewysig as 'n algemene goedkeuring, dat die direksie van die Maatskappy gemagtig word om vir 'n tydperk van twee (2) jaar vanaf die datum van hierdie spesiale besluit direkte of indirekte finansiële bystand te verleen aan enige maatskappy of korporasie wat verwant of onderling verwant is ("enige maatskappy of korporasie wat verwant of onderling verwant is" het hier dieselfde betekenis as in Artikel 45 van die Maatskappywet, en welke betekenis alle filiale van die Maatskappy insluit) aan die Maatskappy, in een of meer van die volgende vorms:

- 'n lening aan,
- 'n waarborg van enige verpligting van,
- 'n borgstelling ten opsigte van enige verpligting van,
- vrywaringsondernemings ten opsigte van verpligtinge van, of
- die versekering van enige skuld of verpligtinge van,

sodanige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie wat die direksie van die Maatskappy mag goeddink, op die bepalings en voorwaardes en vir bedrae wat die direksie van die Maatskappy mag bepaal.

Die aanvaarding van spesiale besluit nommer 2 is onderhewig aan 'n 75%-meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

REDE VIR EN UITWERKING VAN SPESIALE BESLUIT NOMMER 2

Hierdie spesiale besluit sal aan die Maatskappy se direkteure die volmag gee om finansiële bystand in enige van die vorms beskryf in die besluit te magtig aan enige maatskappy wat verwant of onderling verwant is aan die Maatskappy, soos voorsien in Artikel 45 van die Maatskappywet.

KENNISGEWING AAN DIE AANDEELHOUERS VAN DIE MAATSKAPPY, INGEVOLGE ARTIKEL 45(5) VAN DIE MAATSKAPPYWET, VAN 'N BESLUIT WAT DEUR DIE DIREKSIE AANVAAR IS EN WAT DIE MAATSKAPPY MAGTIG OM SULKE DIREKTE OF INDIREKTE FINANSIËLE BYSTAND TE VERLEEN:

- Teen die tyd dat hierdie kennisgewing van die AJV aan aandeelhouers gelewer word, sal die direksie 'n geskrewe direksiebesluit ("die Artikel 45-Direksiebesluit") aanvaar het wat die Maatskappy magtig om te eniger tyd gedurende die tydperk van twee (2) jaar vanaf die datum waarop die bogenoemde spesiale besluit nommer 2 aanvaar word, enige direkte of indirekte finansiële bystand te verleen soos voorsien in Artikel 45 van die Maatskappywet aan enige maatskappy of korporasie wat verwant of onderling verwant is aan die Maatskappy;
- Die Artikel 45-Direksiebesluit sal slegs onderhewig wees daaraan, en slegs effektief wees in soverre spesiale besluit nommer 2 deur aandeelhouers aanvaar word, en die verlening van enige sodanige direkte of indirekte finansiële bystand deur die Maatskappy kragtens sodanige besluit sal altyd onderhewig wees

daaraan dat die direksie hulself vergewis het daarvan dat, onmiddellik na die verlening van sodanige finansiële bystand, die Maatskappy sal voldoen aan die solvensie- en likwiditeitstoets, soos waarna verwys word in Artikel 45(3)(b)(i) van die Maatskappywet, en dat die bepalings waaronder die finansiële bystand verleen sal word billik en redelik is teenoor die Maatskappy, soos vereis in Artikel 45(3)(b)(ii) van die Maatskappywet; en
– Die Maatskappy stel aandeelhouers van die Maatskappy hiermee in kennis van die Artikel 45-Direksiebesluit.

5.16 Spesiale Besluit Nommer 3: Algemene Goedkeuring om Aandele Terug te Koop

"Besluit dat die Maatskappy en/of enige filiaal van die Maatskappy hiermee gemagtig word by wyse van 'n algemene goedkeuring om die uitgereikte gewone aandele van die Maatskappy te koop ingevolge sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede as wat die direkteure van die Maatskappy van tyd tot tyd mag bepaal, maar onderhewig aan die MVI van die Maatskappy, die bepalings van die Maatskappywet, die JSE-Noteringsvereistes, en die vereistes van enige ander berus waarop die aandele van die Maatskappy van tyd tot tyd gekwoteer of genoteer mag word, waar van toepassing, en met dien verstande dat:
– die terugkoop van effekte deur die hoofbestelboek wat deur die JSE-verhandelingstelsel bedryf word, sal geskied, sonder enige voorafgaande verstandhouding of reëling tussen die Maatskappy en die teenparty, of op enige ander manier wat deur die JSE aanvaar is;
– hierdie algemene magtiging tot die Maatskappy se volgende AJV geldig sal wees, met dien verstande dat dit nie 'n tydperk van 15 (vyftien) maande vanaf die datum van die goedkeuring van die spesiale besluit sal oorskry nie;
– ter bepaling van die prys waarteen die Maatskappy se gewone aandele ingevolge hierdie algemene magtiging deur die Maatskappy bekom word, sal die maksimum premie waarteen sodanige gewone aandele gekoop mag word 10% (tien persent) van die geweegde gemiddelde markprys wees waarteen sodanige gewone aandele op die JSE verhandel word, soos bepaal oor die 5 (vyf) verhandelingsdae wat die terugkoop van sodanige gewone aandele deur die Maatskappy onmiddellik voorafgaan;
– die totale aankope van gewone aandele in enige finansiële jaar nie 5% (vyf persent) van die Maatskappy se uitgereikte gewone aandelekapitaal sal oorskry vanaf die datum van die goedkeuring van hierdie algemene magtiging nie;
– die Maatskappy en die Groep in 'n posisie is om hul skuld in die gewone gang van sake vir die 12 (twaalf) maande na die datum van kennisgewing van die AJV terug te betaal;
– die bates van die Maatskappy en die Groep, synde billik gewaardeer volgens die rekeningkundige beleid wat in die jongste finansiële state toegepas is, ná die terugkoop meer is as die laste van die Maatskappy en die Groep vir die 12 (twaalf) maande na die datum van kennisgewing van die AJV;
– die gewone kapitaal en reserwes van die Maatskappy en die Groep toereikend is vir die 12 (twaalf) maande na die datum van die kennisgewing van die AJV;
– die beskikbare bedryfskapitaal toereikend is om die werksaamhede van die Maatskappy en die Groep voort te sit gedurende die 12 (twaalf) maande na die datum van kennisgewing van die AJV;
– die Maatskappy se borg sy verantwoordelikhede, soos vervat in Skedule 25 van die JSE-Noteringsvereistes, nagekom het voordat hy tot die mark toetree om met die terugkoopaksie voort te gaan;
– voor toetrede tot die mark om die Maatskappy se effekte terug te koop, 'n direksiebesluit om die terugkoop te magtig reeds aanvaar sal wees ooreenkomstig die vereistes van Artikel 46 van die Maatskappywet, en wat verklaar dat die direksie erkenning gegee het dat hulle die solvensie- en likwiditeitstoets, soos uiteengesit in Artikel 4 van die Maatskappywet, toegepas het en redelikerwys beslis het dat die Maatskappy aan die solvensie- en likwiditeitstoets sal voldoen onmiddellik na die voltooiing van die voorgestelde terugkoopaksie;
– die Maatskappy steeds sal voldoen aan die bepalings van paragrawe 3.37 tot 3.41 van die JSE-Noteringsvereistes, wat op die verspreiding van aandeelhouers betrekking het, ná sodanige terugkoopaksie;
– die Maatskappy of sy filiale nie enige effekte gedurende 'n geslote tydperk, soos gedefinieer in paragraaf 3.67 van die JSE-Noteringsvereistes, sal terugkoop nie, tensy daar 'n spesifieke terugkoopprogram in werking gestel is waarvolgens die datums en hoeveelheid effekte wat verhandel gaan word gedurende die betrokke tydperk vasgestel is (nie onderhewig aan enige variasie) en volle besonderhede van die program in 'n SENS-aankondiging voor die aanvang van die geslote periode bekend gemaak is;
– wanneer die Maatskappy in totaal 3% (drie persent) van die aanvanklike getal van die betrokke klas effekte teruggekoop het, en vir elke 3% (drie persent) in totaal van die aanvanklike getal van daardie klas daarná bekom, 'n aankondiging gedoen sal word; en
– die Maatskappy net een agent aanstel om enige terugkoopaksie(s) namens hom uit te voer."

Die aanvaarding van spesiale besluit nommer 3 is onderhewig aan 'n 75%-meerderheidstemming ter ondersteuning daarvan deur aandeelhouers wat hetsy teenwoordig is of verteenwoordig word deur 'n gevolmagtigde by hierdie vergadering.

VERKLARING DEUR DIE DIREKSIE

Die direkteure van die Maatskappy het geen spesifieke voorneme om die besluit in werking te stel nie, maar sal die Maatskappy se posisie deurlopend beoordeel, met inagname van heersende toestande en markomstandighede, wanneer daar oorweeg word of die Maatskappy sy eie aandele terug behoort te koop.

Na oorweging van die uitwerking van die terugkoop van gewone aandele kragtens hierdie algemene magtiging, bevestig die direkteure van die Maatskappy ingevolge die betrokke bepalings van die Maatskappywet en die

Kennisgewing aan Aandeelhouers: Algemene Jaarvergadering (AJV) (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale soos op Junie 2011

JSE-Noteringsvereistes dat hulle nie sodanige terug-koopaksie sal onderneem nie, tensy:

- die Maatskappy en die Groep in 'n posisie is om hul skuld in die gewone gang van sake vir die 12 (twaalf) maande na die datum van kennisgewing van die AJV terug te betaal;
- die bates van die Maatskappy en die Groep, synde billik gewaardeer volgens die rekeningkundige beleid wat in die jongste finansiële state toegepas is, na die terug-koop meer is as die laste van die Maatskappy en die Groep vir die 12 (twaalf) maande na die datum van kennisgewing van die AJV;
- die gewone kapitaal en reserwes van die Maatskappy en die Groep toereikend is vir die 12 (twaalf) maande na die datum van die kennisgewing van die AJV;
- die beskikbare bedryfskapitaal toereikend is om die werksaamhede van die Maatskappy en die Groep voort te sit gedurende die 12 (twaalf) maande na die datum van kennisgewing van die AJV.

REDE VIR EN UITWERKING VAN SPESIALE BESLUIT NOMMER 3

Die MVI van die Maatskappy bevat 'n bepaling wat aan die Maatskappy, of enige filiaal van die Maatskappy, goed-keuring verleen om sekuriteite wat deur die Maatskappy uitgereik is, terug te koop onderhewig aan die goedkeuring van die lede ingevolge die MVI van die Maatskappy, die vereistes van die Maatskappywet, en die JSE-Noterings-vereistes.

Die bestaande algemene magtiging wat deur die lede van die Maatskappy verleen is ten tyde van die vorige AJV op 25 Oktober 2010, verval eersdaags, tensy dit hernu word. Die direkteure is van mening dat dit in die beste belang van die Maatskappy sou wees om sodanige algemene magtiging te verleng.

Die voorgestelde algemene magtiging sal die Maatskappy, of enige filiaal van die Maatskappy, in staat stel om tot 'n maksimum van 54 347 946 (vier-en-vyftig miljoen drie-honderd sewe-en-veertig negehonderd ses-en-veertig) gewone aandele van die Maatskappy terug te koop, wat 10% (tien persent) van die uitgereikte gewone aandelekapitaal van die Maatskappy, soos op 30 Junie 2011, verteenwoordig.

Die rede vir die aanneming van spesiale besluit nommer 3 is om die Maatskappy en/of sy filiale by wyse van 'n algemene magtiging van aandelehouers volmag te gee om gewone aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is, terug te koop.

Indien aanvaar, sal hierdie spesiale besluit die Maatskappy, of enige van sy filiale, toelaat om sodanige gewone aandele terug te koop ingevolge die Maatskappywet, sy MVI, en die JSE-Noteringsvereistes.

OPENBAARMAKINGS INGEVOLGE ARTIKEL 11.26 VAN DIE JSE-NOTERINGSVEREISTES

Die JSE-Noteringsvereistes vereis die volgende open-baarmakings ten opsigte van spesiale besluit 3, waarvan sommige in die Geïntegreerde Verslag waarvan hierdie kennisgewing deel uitmaak, vervat is:

- Direkteure en bestuur . . . . . bladsye 8 en 9
- Groot aandeelhouers van die Maatskappy . . bladsy 101
- Direkteursbelange in sekuriteite . . . . . bladsy 41
- Aandelekapitaal van Maatskappy . . . . . bladsy 71

WESENLIKE VERANDERINGE

Buiten die feite en ontwikkelinge waarna op bladsye 35 tot 36 van die Geïntegreerde Verslag verwys word, was daar geen wesenlike verandering in die sake of finansiële posisie van die Maatskappy en sy filiale sedert die datum waarop die ouditverslag onderteken is of die datum van hierdie kennisgewing nie.

VERKLARING VAN DIREKTEURSVERANT-WOORDELIKHEID

Die direkteure, wie se name op bladsye 8 en 9 van die Geïntegreerde Verslag verskyn, aanvaar gesamentlik en individueel volle verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van die inligting en verklaar dat daar na hul beste wete en oortuiging geen feite weggelaat is wat enige stelling vals of misleidend sou maak nie, en dat alle redelike navrae gedoen is om sodanige feite te bepaal.

LITIGASIEVERKLARING

Afgesien van die openbaarmaking in die direkteursverslag op bladsy 40, is die direkteure, wie se name verstrek word op bladsye 8 en 9 van die Geïntegreerde Verslag waarvan hierdie kennisgewing deel vorm, nie bewus van enige hangende of dreigende regs- of arbitrasiegedinge wat in die onlangse verlede, synde die afgelope 12 (twaalf) maande, of in die toekoms 'n wesenlike uitwerking op die Groep se finansiële posisie gehad het of kan hê nie.

6. AFHANDELING VAN ANDER SAKE

Om sodanige ander sake af te handel as wat by die AJV hanteer kan word.

NAMENS SHOPRITE HOLDINGS BEPERK

PG du Preez
Maatskappysekretaris
26 Augustus 2011

DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS
H.v. William Dabs- en Ou Paarlweg
Posbus 215, Brackenfell, 7560, Suid-Afrika
Faksimilee: +27 (0) 21 980 4468
E-posadres: cosec@shoprite.co.za

SUID-AFRIKAANSE OORDRAGSEKRETARISSE
Computershare Investor Services (Edms) Bpk
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
Posbus 61051, Marshalltown, 2107
Faksimilee: +27 (0) 11 688 5248

Shoprite Holdings Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1936/007721/06)
JSE-aandeelkode: SHP
NSX-aandeelkode: SRH
LUSE-aandeelkode: SHOPRITE
ISIN: ZAE000012084
("Shoprite Holdings" of "die Maatskappy")

Volmagvorm

Shoprite Holdings Bpk

Alleenlik vir gebruik deur:
- gesertifiseerde gewone aandeelhouers
- gedematerialiseerde gewone aandeelhouers met "eie naam"-registrasie

by die Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers van Shoprite Holdings wat op Maandag, 31 Oktober 2011, om 09:15 op die hoek van William Dabs- en Ou Paarlweg, Brackenfell, gehou sal word, en by enige uitstel of verskuiwing daarvan (die "AJV").

Gedematerialiseerde aandeelhouers wat aandele buiten dié met "eie naam"-registrasie besit, moet hul SEBD of makelaar in kennis stel van hul voorneme om die AJV by te woon en hul SEBD of makelaar versoek om hulle van die nodige magtiging te voorsien om die AJV persoonlik by te woon.

Indien u nie die AJV wil bywoon nie, moet u u SEBD of makelaar van steminstruksies voorsien ingevolge u bewaringsooreenkoms.

Ek/ons ..... (naam/name in blokletters) van .....

Synde 'n aandeelhouer/ aandeelhouers van Shoprite Holdings, met ..... gewone aandele in die Maatskappy, stel hiermee

1. ..... van ..... ,of

2. ..... van ..... ,of
3. die voorsitter van die AJV aan as my/ons gevolmagtigde om namens my/ons teenwoordig te wees, te praat en te stem by die AJV van die aandeelhouers van die Maatskappy wat gehou sal word om 09:15, op Maandag, 31 Oktober 2011 te Brackenfell, en by enige uitstel of verskuiwing daarvan.

	Aantal aandele		
	Ten gunste van	Teen	Buite stemming
Gewone besluit nommer 1 Goedkeuring van die finansiële jaarstate			
Gewone besluit nommer 2 Heraanstelling van PricewaterhouseCoopers as ouditeure			
Gewone besluit nommer 3 Herverkiesing van Dr CH Wiese			
Gewone besluit nommer 4 Herverkiesing van Mnr JA Louw			
Gewone besluit nommer 5 Herverkiesing van Mnr JF Malherbe			
Gewone besluit nommer 6 Herverkiesing van Mnr BR Weyers			
Gewone besluit nommer 7 Aanstelling van Mnr JG Rademeyer as Voorsitter en lid van die Shoprite Holdings-Ouditkomitee			
Gewone besluit nommer 8 Aanstelling van Mnr JA Louw as lid van die Shoprite Holdings-Ouditkomitee			
Gewone besluit nommer 9 Aanstelling van Mnr JF Malherbe as lid van die Shoprite Holdings-Ouditkomitee			
Gewone besluit nommer 10 Bekragtiging van die Vergoedingsbeleid			
Gewone besluit nommer 11 Algemene beheer oor onuitgereikte aandele			
Gewone besluit nommer 12 Algemene magtiging om aandele vir kontant uit te reik			
Spesiale besluit nommer 1 Algemene goedkeuring van die vergoeding betaalbaar aan nie-uitvoerende direkteure			
Spesiale besluit nommer 2 Algemene goedkeuring van finansiële bystand aan filiale, verwante en onderling verwante entiteite			
Spesiale besluit nommer 3 Algemene goedkeuring om aandele terug te koop			
Gewone besluit nommer 13 Algemene magtiging aan direkteure			

*Dui asseblief met 'n 'X' in die toepaslike blokkies hier bo aan hoe u stem uitgebring moet word.

Tensy anders voorgeskryf, mag my/ons gevolmagtigde na eie goeddunke stem.

Geteken te (plek) ..... op (datum) 2011

.....
Handtekening van aandeelhouer

Lees asseblief die aantekeninge en instruksies op die keersy.

Volmagvorm (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk

Aantekeninge by volmagvorm

1. Hierdie volmagvorm mag slegs deur gesertifiseerde gewone aandeelhouers, of gedematerialiseerde gewone aandeelhouers wat gedematerialiseerde gewone aandele met 'eie naam'-registrasie besit, gebruik word.

2. Gedematerialiseerde gewone aandeelhouers word daaraan herinner dat die onus op húlle rus om met hul SEBD of makelaar te kommunikeer.

3. Elke aandeelhouer is daarop geregtig om een of meer gevolmagtigdes (wat nie 'n aandeelhouer/aandeelhouers van die Maatskappy hoef te wees nie) aan te stel om namens daardie aandeelhouer by die Algemene Jaarvergadering teenwoordig te wees, te praat en te stem.

4. 'n Aandeelhouer kan die naam van 'n gevolmagtigde, of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes, van die aandeelhouer se keuse in die beskikbare ruimte invul, met of sonder om "die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering" deur te haal. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat teenwoordig is by die Algemene Jaarvergadering, sal daarop geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree, met uitsluiting van diegene wie se name later volg.

5. 'n Aandeelhouer se instruksies aan die gevolmagtigde moet aangedui word deur die invoeging van die tersaaklike aantal stemme wat daardie aandeelhouer mag uitbring in die toepaslike beskikbare blokkie(s). Indien 'n boksie gemerk is sonder die invoeging van die aantal stemme, sal daar aanvaar word dat die gevolmagtigde al die stemme van die aandeelhouer mag uitbring. Versuim om aan bostaande te voldoen, sal geag word as magtiging aan die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering om ten gunste van die gewone en spesiale besluite te stem by die Algemene Jaarvergadering, of as magtiging aan enige ander gevolmagtigde om by die Algemene Jaarvergadering na eie goeddunke te stem, of buite stemming te bly, met betrekking tot alle stemme wat die aandeelhouer mag uitbring.

6. Opsomming van die regte wat deur Artikel 58 van die Maatskappywet, 71 van 2008, gevestig is

   6.1 'n Aandeelhouer van 'n maatskappy mag, te eniger tyd, enige individu, insluitende 'n individu wat nie 'n aandeelhouer van daardie maatskappy is nie, aanstel as 'n gevolmagtigde om:
   - namens die aandeelhouer deel te neem, te praat en te stem by 'n aandeelhouersvergadering; of
   - namens die aandeelhouer geskrewe toestemming te verleen of te weerhou ten opsigte van 'n besluit wat in Artikel 60 voorsien word.

   6.2 Die aanstelling van 'n gevolmagtigde:
   - moet op skrif, gedateer, en deur die aandeelhouer geteken wees; en
   - bly geldig vir –
     - een jaar na die datum waarop dit geteken is; of
     - enige langer of korter tydperk wat uitdruklik in die aanstelling uiteengesit word, tensy dit herroep word op 'n wyse wat in subartikel (4) (c) voorsien word, of vroeër verval as wat in subartikel (8) (d) voorsien word.

   6.3 Behalwe in soverre die Memorandum van Inkorporasie van 'n maatskappy anders bepaal:
   - mag 'n aandeelhouer van daardie maatskappy een of meer persone gelyktydig as gevolmagtigdes aanstel, en mag meer as een gevolmagtigde aanstel om die stemregte verbonde aan verskillende effekte wat deur die aandeelhouer besit word, uit te oefen;
   - 'n gevolmagtigde mag die gevolmagtigde se magtiging om namens die aandeelhouer op te tree aan 'n ander persoon delegeer, onderhewig aan enige beperking wat in die instrument waardeur die gevolmagtigde aangestel word, uiteengesit word; en
   - 'n afskrif van die instrument waardeur die gevolmagtigde aangestel word, moet aan die maatskappy gelewer word, of aan enige ander persoon wat namens die maatskappy optree, voordat die gevolmagtigde enige regte van die aandeelhouer by 'n aandeelhouersvergadering mag uitoefen.

   6.4 Ongeag die soort instrument waardeur die gevolmagtigde aangestel word:
   - word die aanstelling te eniger tyd en in soverre die aandeelhouer verkies om direk en persoonlik op te tree in die uitoefening van enige regte as 'n aandeelhouer, opgeskort;
   - kan die aanstelling herroep word, tensy die volmagaanstelling uitdruklik andersins verklaar; en
   - mag 'n aandeelhouer die volmagaanstelling herroep, indien die aanstelling herroepbaar is, deur –
     - dit skriftelik te kanselleer, of deur 'n latere, teenstrydige volmagaanstelling te doen; en
     - 'n afskrif van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en die maatskappy te lewer.

   6.5 Die herroeping van 'n volmagaanstelling geld as 'n totale en finale kansellasie van die magtiging van die gevolmagtigde om namens die aandeelhouer op te tree, vanaf die latere van:
   - die datum wat in die herroepingsinstrument verskyn, indien enige; of
   - die datum waarop die herroepingsinstrument afgelewer is soos vereis in subartikel (4) (c) (ii).

   6.6 Indien die instrument waardeur 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes aangestel is aan die maatskappy gelewer is, moet enige kennisgewing wat ingevolge die vereistes van hierdie Wet of die maatskappy se Memorandum van Inkorporasie deur die maatskappy aan die aandeelhouer gelewer moet word, so lank as sodanige aanstelling van krag bly, deur die maatskappy gelewer word aan:
   - die aandeelhouer; of
   - die gevolmagtigde(s), indien die aandeelhouer –
     - die maatskappy skriftelik so gelas het; en
     - enige redelike fooi wat deur die maatskappy daarvoor gehef is, betaal het.

   6.7 'n Gevolmagtigde is geregtig daarop om sonder spesifieke instruksies enige stemreg van die aandeelhouer uit te oefen, of om buite stemming te bly, behalwe in soverre die Memorandum van Inkorporasie, of die instrument waardeur die gevolmagtigde aangestel is, andersins bepaal.

   6.8 Indien 'n maatskappy 'n uitnodiging rig aan aandeelhouers om een of meer persone wat deur die maatskappy benoem is as gevolmagtigdes aan te stel, of 'n instrument vir die aanstelling van 'n gevolmagtigde verskaf –
   - moet die uitnodiging gestuur word aan elke aandeelhouer wat geregtig is daarop om kennisgewing te ontvang van die vergadering waar die volmag bestem is om uitgeoefen te word;
   - moet die uitnodiging, of instrument wat deur die maatskappy verskaf is vir die aanstelling van 'n gevolmagtigde –
     - 'n redelike samevatting van die regte wat in hierdie Artikel gevestig word, bevat;
     - genoegsame leë ruimte, onmiddellik vóór die naam of name van enige persoon of persone wat daarin genoem word, bevat om 'n aandeelhouer in staat te stel om die naam in te skryf en, indien so verkies, 'n alternatiewe naam van 'n gevolmagtigde van die aandeelhouer se keuse; en
     - genoegsame ruimte verskaf vir die aandeelhouer om aan te dui of die aangestelde gevolmagtigde ten gunste van of teen enige besluit of besluite wat by die vergadering ter tafel gelê gaan word, moet stem, of buite stemming moet bly;
   - moet die maatskappy nie vereis dat die volmagaanstelling onherroeplik gemaak word nie; en
   - bly die volmagaanstelling slegs geldig tot aan die einde van die vergadering waar dit bestem was om gebruik te word, onderhewig aan subartikel (5).

7. Dokumentêre bewys van die bevoegdheid van 'n persoon wat hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet by hierdie volmagvorm aangeheg word, tensy die Maatskappy se oordragkantoor dit reeds vooraf aangeteken het, of die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering van die vereiste sou afsien.

8. Die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering mag enige volmagvorm wat nie ooreenkomstig hierdie instruksies voltooi en/of ontvang word nie, afkeur of aanvaar, met dien verstande dat hy hom vergewis het van die manier waarop die aandeelhouer wil stem.

9. Enige wysigings of regstellings op hierdie volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

10. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm sal nie die betrokke aandeelhouer daarvan verhinder om die Algemene Jaarvergadering by te woon en persoonlik daar op te tree en te stem, tot uitsluiting van enige gevolmagtigde wat ingevolge hiervan aangestel is, indien sodanige aandeelhouer dit so sou verkies nie.
11. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die tersaaklike dokumente wat sy/haar regsbevoegdheid staaf, getoon word of deur die Maatskappy geregistreer is.
12. Waar daar gesamentlike houers van enige aandele is:
   - kan enige een van die houers hierdie volmagvorm onderteken; en
   - sal die stem(me) van die senior aandeelhouers (vir welke doeleinde senioriteit bepaal sal word deur die orde waarin die name van aandeelhouers in die Maatskappy se register van aandeelhouers verskyn) wat 'n stem uitbring (hetsy persoonlik of by volmag) aanvaar word, tot uitsluiting van die stem(me) van die ander mede-aandeelhouer(s).

13. Die gevolmagtigde mag geen van die regte of magte wat aan hom/haar verleen is, delegeer nie.

Shoprite Holdings Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1936/007721/06)
JSE-aandeelkode: SHP
NSX-aandeelkode: SRH
LUSE-aandeelkode: SHOPRITE
ISIN: ZAE000012084
("Shoprite Holdings" of "die Maatskappy")

Elektroniese Ontvangs van Kommunikasie en Kennisgewings

Geagte Aandeelhouer

Let asseblief daarop dat, ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008 (soos gewysig) en die JSE-Noteringsvereistes, u mag kies om aandeelhouerkommunikasie en kennisgewings elektronies van die Maatskappy te ontvang.

Verskaf asseblief die volgende inligting indien u aandeelhouerkommunikasie en kennisgewings in elektroniese formaat wil ontvang:

Volle naam van aandeelhouer .....

Verwysingsnommer* .....

E-posadres .....

Telefoonnommers .....(huis)

..... (kantoor)

.....(selfoon)

*Beskikbaar op die koevert waarin u die Geïntegreerde Verslag vir 2011 ontvang het, of skakel asseblief Computershare by telefoonnommer +27 (0)11 370 5000 vir meer besonderhede.

Wanneer u dit voltooi het, stuur asseblief hierdie vorm aan Computershare Investor Services (Edms) Beperk in die betaalde besigheids-antwoordkoevert wat hierby ingesluit is.

Sou enige van u besonderhede in die toekoms verander, stel ons asseblief so gou as moontlik in kennis van die verandering(e) sodat ons ons rekords dienooreenkomstig kan aanpas.

Die uwe,

P G Du Preez

Maatskappysekretaris

Administrasie

Shoprite Holdings Bpk

REGISTRASIE NOMMER

1936/007721/06

GEREGISTREERDE KANTOOR

Straatadres: h/v William Dabs- en Ou Paarlweg
Brackenfell, 7560, Suid-Afrika
Posadres: Posbus 215, Brackenfell, 7561, Suid-Afrika
Telefoon: +27 (0) 21 980 4000
Faksimilee: +27 (0) 21 980 4050
Webwerf: www.shopriteholdings.co.za

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Mnr P G du Preez
Straatadres: h/v William Dabs- en Ou Paarlweg
Brackenfell, 7560, Suid-Afrika
Posadres: Posbus 215, Brackenfell, 7561, Suid-Afrika
Telefoon: +27 (0) 21 980 4284
Faksimilee: +27 (0) 21 980 4468
E-pos: cosec@shoprite.co.za

OORDRAGSEKRETARISSE

Suid-Afrika

Computershare Investor Services (Edms) Bpk
Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika
Telefoon: +27 (0) 11 370 5000
Faksimilee: +27 (0) 11 688 5248
Webwerf: www.computershare.com

Namibië

Transfer Secretaries (Edms) Bpk
Posbus 2401, Windhoek, Namibië
Telefoon: +264 (0) 61 227 647
Faksimilee: +264 (0) 61 248 531

Zambië

Enfin Solutions Beperk
Posbus 320069, Lusaka, Zambië
Telefoon: +260 (0) 211 256 284/5
Faksimilee: +260 (0) 211 256 294

BORGE

Suid-Afrika

Nedbank Capital
Posbus 1144
Johannesburg, 2000, Suid-Afrika
Telefoon: +27 (0) 11 295 8600
Faksimilee: +27 (0) 11 294 8600
Webwerf: www.nedbank.co.za

Namibië

Old Mutual Investment Group (Namibië) (Edms) Bpk
Posbus 25549, Windhoek, Namibië
Telefoon: +264 (0) 61 299 3527
Faksimilee: +264 (0) 61 299 3528

OUDITEURE

PricewaterhouseCoopers Ingelyf
Posbus 2799, Kaapstad, 8000, Suid-Afrika
Telefoon: +27 (0) 21 529 2000
Faksimilee: +27 (0) 21 529 3300

BANKIERS

ABSA Bank Bpk
Citibank N.A.
Eerste Nasionale Bank Bpk
HSBC Bpk
Investec Bank Bpk
Nedbank Bpk
Old Mutual Specialised Finance (Edms) Bpk
Die Standard Bank van Suid-Afrika Bpk
Standard Chartered Bank PLC

Aandeelhouersdagboek

JUNIE	AUGUSTUS	SEPTEMBER	OKTOBER	DESEMBER	FEBRUARIE	MAART
Einde van finansiële jaar	Voorlopige resultate	Publikasie van Geïntegreerde Verslag Betaling van voorkeurdividend Betaling van finale gewone dividend	Algemene jaarvergadering	Einde van finansiële halfjaar	Tussentydse resultate	Betaling van voorkeurdividend Betaling van tussentydse gewone dividend

Ontwerp en uitleg: Fresh Identity | Gedruk deur: Hansa Print

SHOPRITE

HOLDINGS BPK